Leipie Nuus

18-27 JULIE 2018

Nommer 19/2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Wo 18 Julie
Jnr koor: Oefening vanaf 13:40-14:30
Snr koor: Oefening vanaf 13:50-14:50
Musiekblyspel: Oefening praatrolle vanaf 16:00-17:00
KIX Klub: Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal
Landloop: Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion

Do 19 Julie
Krieket: Oefening o/12-o/13 vanaf 13:45-15:15
Sagtebal: Oefening vanaf 15:00-16:00
Hokkie: Oefening vanaf 14:00-15:00
Landloop: Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion

Vr 20 Julie
Akademie: Gr 4-7 handboekoudit. Bring asb alle handboeke skooltoe
Landloop: Liga 1 te Eduplex Primêre Skool
Hokkie: Wedstryde o/12 vs Cullinan (tuis)

Sa 21 Julie
Sagtebal: Sagtebaldag te Sonitusskool

Ma 23 Julie
Krieket: Oefening o/9 vanaf 13:45-15:00, o/10-o/13 vanaf 13:40-14:30
Sagtebal: Oefening vanaf 14:00-15:00
Hokkie: Oefening vanaf 15:00-16:00
Landloop: Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Musiekblyspel: Oefening openingsdans vanaf 16:00-17:15
Voortrekkers: Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 24 Julie
Krieket: Oefening o/9 vanaf 13:40-14:30, o/10-o/11 vanaf 13:45-15:15
Wedstyde vs L/s Wonderboom o/13 (H/s Zwartkop), o/12 (weg)
Sagtebal: Oefening vanaf 14:00-15:00
Hokkie: Oefening vanaf 15:00-16:00
Tennis: Oefening o/11 seuns, oop dogters vanaf 15:15-16:00
Landloop: Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Skaak: Afrigting vanaf 14:15-15:15
Snr Koor: Optrede te Nazareth House (Groenkloof)

Wo 25 Julie
Jnr koor: Oefening vanaf 13:40-14:30
Snr koor: Oefening vanaf 13:50-14:50
Sosiale skaak: Direk na skool tot 14:30 in Me Booyse se klas
Musiekblyspel: Geen oefening a.g.v oueraand
KIX Klub: Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal
Landloop: Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Krieket: Wedstyd vs L/s Wonderboom (H/s Centurion)
Akademie: Oueraand Gr R-7

Do 26 Julie
Krieket: Oefening o/12-o/13 vanaf 13:45-15:15
Wedstryde vs L/s Wonderboom o/11 (H/s Zwartkop), o/10 (weg)
Sagtebal: Wedstyde vs L/s Skuilkrans (weg)
Hokkie: Oefening vanaf 14:00-15:00
Tennis: Oefening o/12, o/13 oop seuns, o/11 dogters vanaf 15:15-16:00
Landloop: Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion

Vr 27 Julie
Landloop: Liga 2 te L/s Boerefort

Sa 28 Julie
Hokkie: Wedstryde o/13 te Hatfield Christian School

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Wiskunde: Zani Nell- PAMASA Provinsiale kleure, Gauteng Provinsiale span wat aan Nasionale kampioenskappe gaan deelneem.
Dans: Gabriëlle Arderne- International Fine Arts Assosiation danstoekennings – Moderne dans 2de, Disco dans 2de.
Karate: Hannah Plews- rooi belt.

BELANGRIKE DATUMS:
25 Julie: Oueraand Gr R-7
9-10 Augustus: Skolevakansiedae
17-20, 25-27 September: Musiekblyspel

Van die Beheerliggaam:
Baie dankie aan elke ouer wat deelgeneem het aan ons navorsing. Ons het al 220 vraelyste ontvang. Indien jy nog nie die vraelys ingevul het nie is jy steeds welkom om op die volgende skakel te klik en die vraelys te voltooi:
https://www.surveymonkey.com/r/88JXVB9
Die terugvoer wat ons sover ontvang het is baie positief en die ouers het aangedui dat hulle graag met die beheerliggaam sal wil kommunikeer deur middel van e-pos.
Die volgende e-pos adres is geskep:
beheerraad@louisleipoldt.co.za

Onthou, die beheerliggaam is hoofsaaklik verantwoordelik vir:

- Die begroting van die skool
- Die aanstel en betaling van addisionele beheerliggaamonderwysers om oorvol klaskamers te voorkom
- Die onderhoud en ontwikkeling van die geboue en terrein
- Die bepaling van die buitemuurse program van die skool
- Die bepaling van die toelatingsbeleid, taalbeleid en godsdienstige oriëntering van die skool
- Die ondersteuning van die skoolhoof en personeel in die goeie bestuur van die skool

Die beheerliggaam mag nie inmeng met die professionele pligte (onderrigtaak) van 'n onderwyser nie. Indien 'n ouer 'n probleem met 'n onderwyser of 'n leerder ondervind moet die bestaande kanale gevolg word. Dit word nie deur die beheerliggaam hanteer nie.

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

Mnr de Vos tree op 29 Junie 1989 uit die diens. Daar word in die NG Moedergemeente se kerksaal van hom afskeid geneem.
Op 24 April 1990 word Mnr DT du Plessis aangestel as die vierde hoof van L/s Louis Leipoldt.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 147 5705

MUSIEKBLYSPEL:
Alle uitstaande geld (R400-00) moet teen einde Augustus betaal wees. Kostuummates word nou geneem. Geen kostuums sal gemaak word sonder volle betaling nie.

SMILE TENNIS CENTRE:
Tennis afrigting by die skool asook by Lyttelton Tennis Klub (Sport Park) gedurende die week en oggende by die skool.
Smile Tennis Centre (Andri Tiran) en sy span afrigters werk met ons spanne drie oggende van die week asook Woensdae & Vrydae middae by die skool vir spelers se gerief.
Die drie oggendgroepe lyk soos volg en koste verbonde is R400 per kwartaal.
Dinsdae 06:30-07:30 – o/12 & o/13 groep (gewoonlik liga spanne)
Donderdae 06:45-07:30 – Gr 1-5 (beginner spelers wat vaardighede leer en basiese tennis beginsels)
Vrydae 06:30-7:30 – o/11 groep wat reeds vir skool speel (volbaan kan speel)
Kontak gerus vir Andri Tiran vir enige inligting rondom die tennis by Louis Leipoldt. (082) 479 4428, smiletenniscentre@gmail.com

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

UIT DIE KANTOOR:
Welkom terug aan elke Leipie, ouer en personeel.
Na 'n lekker winterbreek, is ons terug en reg vir 'n besige kwartaal! Sterkte aan elke personeellid, leerder en ouer vir die akademie, sport, feesmusiekblyspel en alle ander aktiwiteite.

KOMMUNIKEERDER TOEPASSING:
Indien ouers nog nie bewus is van die toepassing nie – dit is 'n toepassing ("app") waarmee die skool maklik met ouers kan kommunikeer. Belangrike datums/nuus word so deurgegee.
Die toepassing kan op u selfoon, rekenaar of albei gelaai word. Die toepassing kan van u "app store" afgelaai word. Soek "D6 School Communicator" en volg die stappe.

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie **Makro** en **My School** kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n **My Schoolkaart**. U ontvang dadelik u **My School kaart.** Indien u reeds 'n **Makrokaart** het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in **Makro** doen, dit is 'n vinnige proses.

GRAAD 7 TRUIE:
Alle Gr 7 leerders mag in 2018 'n trui dra wat geborduur is met Gr 7 en LL logo. Handig asb moulose-/langmoutrui in 'n sak met naam op en R15 ingesluit by Me v Rensburg in vir borduurwerk. Dit neem ongeveer 1 week.

BOETIE/SUSSIE FOTO'S:
Eerste bestellings is uitgedeel. U is welkom om nog bestellings in te stuur. Enige navrae kontak asb Me v Rensburg by die skool.

FAK GEDIGTE KOMPETISIE:
Kompetisie vir Gr 4-7 leerders - Op die lippe. Jy kan 'n gedig gebruik wat jy self geskryf het gedurende die jaar by die skool. Inskrywingsvorms moet die eerste week van die nuwe kwartaal ingehandig word. Neem deel - lekker pryse te wen.

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____

(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER